

## Meer as oorwinnaars

- Jansie Kilian het gesterf. Die viering van haar lewe was op Vrydag 5 Maart in die NG kerk Lyttelton-Noord. Dink asb aan al die familie dat hulle troos en berusting sal ontvang.
- Daar word versoek dat die gemeente steeds voorbedding sal doen vir verpleegpersoneel, medici en hospitaalpersoneel. Dink ook in u gebede aan Rusoorde en plekke waar verswaktes versorging kry. Ons dra al die personeel op aan die Here dat Hy elke dag krag, liefde en geduld sal voorsien dat mense met menswaardigheid

## Die Aankondiger

7 Maart 2021



**Prediker:** Ds. Gideon Du Toit

**Skriflesing:** Genesis 3 & Matteus 1

**Tema:** Die Koning wat boosheid vernietig!

**Liedere:** 176 & 177 (saam met CD); 241:1,2,3

### TRANSFORMASIE LUKAS 10 (T-L-10) - 4

**Verlede keer:** Jesus se strategie en plan behels dat ek daagliks na Hom kom en my laste aflê, dan te gaan om die evangelie uit te leef, deur op Jesus te fokus en te leer hoe om Sy volgelinge te wees.

Aan die hand van Lukas 10:

**Aksie 1:** Vra die Here se seën of vrede waar jy gaan

Waar ons ons ookal bevind, by die huis, winkel, skool, werk, waar ons ontspan, vra ons die HERE se seën en vrede op die plek en mense wat daar is. Ons vra dat hulle God se vrede, voorsiening, beskerming, oplossing van probleme, voorspoed, gesondheid sal ervaar.

Lukas 10:5-6 .“As julle in ‘n huis kom, moet julle eerste woorde wees: “Vrede vir julle”.

As daar iemand woon vir wie vrede bestem is, sal die vrede op hom bly; so nie sal dit na julle terugkom.”

**Aksie 1** is om waar ek ookal kom sal vra dat God se seën en vrede op die plek of organisasie sal rus, op sy bestuur, werknemers, kliënte, hul families en wie ook al daar is. Wanneer ons motor bestuur vra ons die Here se seën en vrede op die ander padgebruikers (in plaas van om te vloek en kwaad te word!).

Hierdie gebed word *gewoonlik stil* gedoen en baie keer met oop oë. . Jy doen dit onopsigtelik - die mense hoef nie te weet dat jy die Here se seën oor hulle uitspreek nie, solank die Here dit weet!



(Vanaf vorige bladsy)

Daar is niks wonderlikers wat met 'n persoon, organisasie, stad of land kan gebeur as om die die HERE se seën te ontvang nie! Die HERE is ernstig daaroor dat ons in die verskillende plekke waar ons kom, en waar ons met verskillende soorte mense in aanraking kom, hulle seën en vir hulle bid en in hulle belangstel.

NB! Dit sluit ook mense en plekke waarvan ek nie hou nie, in  
Mat 5:44 "Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê, en julle moet bid vir dié wat vir julle vervolg." en  
Mat 6:12 "en vergeef ons ons oortredings soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree."  
As ons ander die HERE se seën of vrede toebid, is dit belangrik dat daar nie iemand is wat ons nie wil vergewe nie.

**Notas:** Jy kan dadelik begin met hierdie Aksie van T-L-10: spreek die seën van die Here uit oor al die plekke en mense wat jy teëkom, net waar jy is. Jy sal waarskynlik hierdie stap meer gebruik as al die ander stappe.

Volgende keer: **Aksie 2 - Soek doelbewus samesyn**

Liewe Vriende

Die goeie nuus is dat ons gemeente deur die genade van ons Hemelse Vader vanjaar 60 jaar bestaan. Ons vertrou dat u saam met ons dankbaar is vir dié geestelike tuiste, en opgewonde is oor die mylpaal.

Ons beplan om gedurende 2021 op verskillende maniere die fokus op die verjaarsdag te laat val, en wil graag u samewerking daarvoor vra.

Ons dink solank aan die volgende moontlikhede:

Om vorige dominees, lidmate, mense wat hier gedoop is, belydenis van geloof afgelê het of getroud is, na 'n geleentheid of geleentheid uit te nooi, om weer kontak te maak en na hulle stories te luister.

*As u kontak het met sulke persone, stuur asb vir ons hulle kontakbesonderhede.*

Om die verhale van die lidmate wat 'n lang geskiedenis saam met die gemeente het, op te teken en moontlik in 'n boekie uit te gee.

*As iemand lus het om die verhale bymekaar te maak, laat weet asseblief.*

Om gemeentede te vra om hulle beproefde resepte met ons te deel, sodat dit in 'n resepteboek opgeneem en vir fondse verkoop kan word.

*Blaai asseblief solank deur u respepteboek en stuur vir ons 'n paar resepte.*

Indien u enige ander idees het wat ons kan doen om van 2021 'n onvergeetlike jaar te maak, laat weet asseblief vir Susann by die kerkkantoor.



**Baie geluk aan almal wat verjaar :**

**7 - 13 Maart**

Van	Noemnaam	Verjaar	Landlyn	Selfoon
Brits	Salomé	03/07		0833146359
Grobbelaar	Johan	03/08	012 667 2282	0828525484
Mathee	Anton	03/08		0826663851
Slabbert	Gerty	03/08		0825861509
Venter	Hendrik	03/09		
Cilliers	Hans	03/10	012 664 8278	0824890980
Malan	Marie	03/10	012 644 1692	0824137671
Oosthuizen	Ruve	03/11		
Swart	Rudi	03/12	012 6642199	
Meiring	Marie	03/13	012 6674057	0827828647
Swanepoel	Elzette	03/13		
Van Zyl	Arnolda	03/13	012 6640116	0825153561

### VIA DOLOROSA

Die moeilike afgelope jaar het ons laat besluit om 'n baie spesiale Paastyd te vier in 2021. Die plan is om DV die kerkterrein in te rig in agt stasies. Die lydingsweg van Jesus tot met Sy kruisiging en opstanding of Via Dolorosa. Mense sal in die week voor Goeie Vrydag, bedags die terrein kan besoek en op meditatiewe wyse kan stilstaan by die lydensweg. Mag dit lei tot geloofsverdieping en ons weer saambind. Enigiemand wat kan help, praktiese mense en kunssinniges, enigiemand met 'n goeie idee, kontak asb vir **Annatjie Roets by 0837942351**.

Die gemeente word ook versoek om tydens die week van 29 Maart tot 3 April te kom help vir 1 uur per dag. Daar sal 'n lys beskikbaar wees waar u, u naam kan invul in die tydslot wat vir u sal pas.